

**Notule van die
telefoonvergadering van die
Dagbestuur van die UK van die Konvent vir Eenheid
Donderdag 15 Junie om 16:00**

1. OPENING

Pieter Grove open die vergadering met gebed

2. TEENWOORDIG

Lukas Plaatjies is afwesig weens siekte en Averell Rust neem weer die plek in van Themba Nyatyowa. *Die vergadering neem met groot hartseer kennis van die dood van Themba en dra sy dierbares aan die Here se sorg en vertroosting op.*

3. NOTULE

Die notule van Dinsdag 9 Mei word goedgekeur

4. SAKE UIT DIE NOTULE

4.1 Waarderende Onderzoek – verdere proses. Die Taakspan stel die volgende voor:

4.1.1. Kommunikasie van die besluite van die onderskeie kerke aan al die gemeentes

Die Taakspan stel voor dat die voorsitter van die Taakspan in samewerking met die 3 moderators voor 31 Julie 2006 'n inligtingsdokument aan al die gemeentes van die onderskeie kerkrade stuur met die volgende inligting:

- i. Stand van sake oor die huidige proses van kerkeenheid
- ii. Die besluit van die VGK oor Belhar in terme van samewerkingsooreenkomste
- iii. 'n Kort samevatting van die besluite van die onderskeie Algemene Sinodes oor kerkeenheid en die Konvent
- iv. Inligting oor die samesprekings tussen die VGK en NGK op 20-22 Junie 2006

Besluit: Die voorstel word goedgekeur

4.1.2 Byeenkoms met Ringskommissie in Maart 2007

- a. Die Taakspan stel voor dat ons in Maart 2007 'n uitgebreide Konvent met al die ringskommissie van die onderskeie sinodes in Hartenbos hou.

Besluit: Die beginsel van so 'n byeenkoms en die datum word goedgekeur. Die samestelling van die byeenkoms word na die Taakspan terugverwys

- b. Die agenda vir die byeenkoms is die waarderende ondersoek met die volgende besprekingsvrae:
 - v. Wat waardeer ons van mekaar? (Wat kan ons op die oomblik vier?)
 - vi. Wat bekommer ons van mekaar? (Wat moet ons uitpraat en waarvoor moet ons mekaar vergewe?)
 - vii. Wat ontdek ons van God vir die pad vorentoe? (Wat is ons gesamentlike visie/droom?)

Besluit: Die vrae word goedgekeur met dien verstande dat die fasiliteerders verder vleis daaraan sal gee. As Fasiliteerders word voorgestel Frederick Marais, Andrew Esterhuyse, Chris van Wyk en Dawid Botha

4.1.3 'n Gesamentlike sinodevergadering in 2008

Die taakspan oordeel dat die byeenkoms te Hartenbos dalk kan uitloop op 'n gesamentlike sinodesitting in 2008.

Besluit: Die Dagbestuur sien dit as 'n moontlikheid waarnatoe gewerk kan word. Daar moet na Maart 2007 ook Ringsprosesse wees wat kan ooploop na Oktober 2008

Verder word besluit dat punte 4.1.2 en 4.1.3 as aanbevelings sal dien by die volgende Moderamen/SK – vergaderings wat vanjaar gehou word

4.2 Voorstel oor Ringsgrense

1. Die taakspan beveel aan dat die voorsitter van die taakspan vir kerkhereniging en die drie saakgelastigdes van die onderskeie sinodes op die uitgebreide Konvent in 2007 'n konsepplan vir die herindeling en moontlike koppeling van ringe in die drie sinodale streke sal voorlê wat die eenheidsproses kan help.
2. Die taakspan versoek die VGK om so 'n besluit op hul volgende sinodesitting en die NGK om op hul Moderamen/Sinodale Kommissie so 'n besluit te neem.

Besluit: dit word goedgekeur

4.3 Vertaling eietydse kommentaar op Belydenis van Belhar

Themba het reeds voor sy dood die Xhosa-vertaling vir Danie Mouton laat kry. Hannes Theron sal sorg dat die Engelse vertaling teen einde Julie gereed is. Danie Mouton sal dit dan formatteer in 'n dokument met drie kolomme

4.4 Ondersoekspan insake Restitusie

Pieter Grove het hieroor vir Malcolm Damon genader wat 'n dokument oor restitusie gereed sal hê teen einde Julie

4.5 Begroting

Monty Sahd het met Temba hieroor gekorrespondeer, maar nie iets terugontvang nie. Hy sal dit met Francios Cillié en Petrus Bock opvolg. Daar word besluit dat die Taakspan self die begroting sal bestuur

4.6 Vraelys oor finansiële hulp aan gemeentes en Inligtingsvorm en navraag oor vervreemde eiendom

Pieter Grove en Averell Rust is besig om te werk aan die vorm tov finansiële hulp en vervreemde eiendomme. Daar word ook 'n steekproef gedoen onder VGK gemeentes in Kaapland. Daar behoort later vanjaar 'n duideliker prentjie te kristalliseer

4.7 Gespreksdokument: ervarings van verlede en pad vorentoe

Lukas Plaatjies en Pieter Grove sal dit opvolg

5. VOLGENDE VERGADERING

- 5.1 Die volgende vergadering van die volle UK van die Konvent word bepaal vir 16 en 17 Oktober 2006 in Belhar.

Indien daar na die samesprekings van die ASK en ASM behoefte is aan 'n verdere telefoonvergadering van die Dagbestuur, sal dit deur die voorsitter en skriba gereël word.